

**Beleidsdokumente:**

**Luister vir spesifieke inligting (KABV Gr 7-9, bl 16 vv)**

Luister, eerder as om net te hoor, is die sleutel tot enige intelligente respons op die wêreld rondom ons. In ’n wêreld waar tegnologie ’n eindelose hoeveelheid klank, stemme, musiek, en gesprekke skep, is die vermoë om net te luister na dit wat betekenisvol of bruikbaar is, uiters belangrik.
Die meeste van die aktiwiteite wat hieronder gelys is, is bekend aan leerders in hierdie fase. Onderwysers moet slegs die aktiwiteite doen wat hulle as noodsaaklik vir hulle klasse beskou.

- Stimuleer/aktiveer agtergrondkennis voor luister.
- Bepaal die spreker se doel.
- Gee algehele aandag aan die luistertaak en demonstreer belangstelling.
- Soek na betekenis.
- Kontroleer begrip van die boodskap deur verbande raak te sien, voorspellings te maak en te beaam, afleidings te maak, te evalueer en daaroor te besin.
- Onderskei tussen spreker en boodskap.
- Oorweeg die verwantskap tussen konteks, woordkeuse en vorm.
- Identifiseer, interpreteer en evalueer boodskappe.
- Neem kennis van die hoof en ondersteunende gedagtes.

**Luister vir begrip enpraat**

- Vertel die storie oor.
- Herroep spesifieke besonderhede in ’n teks.
- Oordink waardes en boodskappe in ’n teks.
- Oordink stereotipering en ander vooroordele.
- Bespreek karakter, intrige en agtergrond.
- Druk menings uit.
- Stel vrae om duidelikheid te verkry.

**Luister vir kritiese ontleding en evaluering**

Die meeste van die onderstaande aspekte van luisteraktiwiteite is nuttig vir die bestudering van literêre tekste .... Na ’n luisteraktiwiteit skep ’n onderwyser gewoonlik geleentheid vir ’n bespreking, maar dit is ook goed om hierdie aktiwiteite in skryfaktiwiteite te omskep. ’n Kort uittreksel van byvoorbeeld ’n klankbaan, kan gebruik word om ’n verhalende opstel te begin (“Wat presies hoor jy? Maak sin daarvan.”).

- Identifiseer en interpreteer oorredings-, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering.
- Onderskei tussen feite en menings.
- Toon bewustheid van, en interpreteer toon, tempo en taalgebruik.
- Reageer op styl, toon en register en evalueer korrek.
- Verstaan die logiese volgorde van inligting.
- Oordeel en lewer bewyse.
- Maak aannames en voorspel gevolge.

• Reageer op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.

**Luister vir waardering en interaksie**
Die beste manier waarop hierdie luisteraktiwiteite geoefen kan word, is in debatte, klein groepbesprekings en enige ander gestruktureerde bespreking. Uittreksels uit films kan ook nuttig gebruik word om die onderstaande vaardighede in te oefen.
• Reageer toepaslik in kommunikasiesituasies.
• Gebruik beurtnemingskonvensies in gesprekke.
• Definieer ’n standpunt.
• Stel vrae om kommunikasie vol te hou.
• Reageer op taal, gebare, oogkontak en liggaamstaal.
• Toon begrip van die verhouding tussen taal en kultuur deur respek vir kulturele konvensies te bewys.
• Reageer op die estetiese kenmerke van mondelinge tekste, bv. ritme, tempo, byklanke/klankeffek, beeldspraak.

**LEES VAN LITERÊRE TEKSTE (KABV Gr 7-9, bl. 31-32)**

Aandagtige lees van kort geskrewe tekste vir TEKSBEGRIP
Leerders pas hul kennis van verskillende genre en formele tekste toe om die betekenis, doel en effek van die teks as geheel te verstaan.
• Bring die teks in verband met hul eie ervaring.
• Identifiseer die tekssoort en die doel daarvan, bv. ’n oplossing vir ’n argument.
• Identifiseer en verduidelik die skrywer se houding en doel.
• Bestudeer dele van tekste of hele tekste en kom tot ’n gevolgtrekking.
• Kom tot ’n gevolgtrekking; vorm en regverdig eie opinie.

**LEES VAN LETTERKUNDE**
Leerders lees, evalueer en reageer op die estetiese kenmerke van literêre tekste. Hulle pas die metataal van letterkunde toe om literêre elemente te verstaan en te waardeer.

• Verstaan die unieke kenmerke van verskillende literêre vorme, bv. ’n gedig het ander kenmerke as ’n roman.
• Identifiseer en verduidelik figuurlike en retoriese taalgebruik wat in verskillende tekste voorkom soos beeldspraak (vergelyking, metafoor, personifikasie) en stylfigure (alliterasie, klanknabootsing, hiperbool, kontras, ironie, sarkasme, antiklimaks, simbole, eufemisme, woordspeling, onderbeklemtoning).
• Identifiseer en verduidelik skrywer/regisseur se bedoeling.
• Verduidelik keuse en effektiwiteit van die manier waarop die elemente die boodskap/tema in ’n gedig ondersteun. Elemente mag stylfigure, beeldspraak, struktuur- en klankelemente insluit, bv. rym, refrein, ritme, alliterasie.
• Verduidelik keuse en effektiwiteit van die manier waarop elemente die boodskap/tema in ’n drama ondersteun. Bykomend tot stylfigure en beeldspraak mag elemente soos. intrige, karakters, karakterisering, verhoogaanwysings, dramatiese ironie, agtergrond/ruimte, dialoog, monoloog, alleenspraak, terugflits, ens. ingesluit word. By filmwerk, is kamerawerk en redigering, bv. zoemskote, nabyskote, verskote, musiek en klankbaan, spesiale effekte, kleur, ens. ook belangrik.
• Verduidelik keuse en effektiwiteit van die manier waarop elemente die boodskap/tema in kortverhale/romans/films ondersteun. Verdere elemente, afgesien van stylfigure en beeldspraak,

sluit in die rol van die verteller asook strukturele elemente, bv. intrige, uiteensetting, stygende lyn van spanning, konflik, klimaks, afnemende spanningslyn/antiklimaks, ontknoping/oplossing, ruimte.

**KOMMENTAAR LEWER**
Gr 4-6 (Kognitiewe vlakke van Bloom t.o.v. evaluering en waardering, bl 90):

**Evaluering**
Hierdie vrae handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oortuigings. Dit sluit in beoordeling van die werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika en beredenering, asook kwessies soos die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optredes in terme van morele waardes.
• Dink jy wat hieruit voortvloei, geloofwaardig / realisties /moontlik is?
• Is die skrywer se argument geldig / logies / oortuigend ...
• Bespreek / lewer kritiese kommentaar oor die optrede /bedoeling / houding / implikasie ...
• Stem jy saam met die siening / standpunt / waarneming /vertolking ...
• Dink jy die skrywer / verteller / karakter is geregverdig as hy /sy voorstel dat ... (Motiveer jou antwoord. / Gee redes vir jou antwoord.)
• Is die karakter se houding / gedrag / handeling na jou mening regverdigbaar of aanvaarbaar? Gee ‘n rede vir jou antwoord.
• Wat sê ‘n karakter se optredes / houding(s) oor hom / haar binne konteks van universele waardes?
• Bespreek krities / Lewer kommentaar oor die waardeoordele wat in die teks gemaak word.

**Waardering**
Die doel van hierdie vrae is om die sielkundige en estetiese impakvan die teks op die leerder te assesseer. Die vrae fokus op die leerder se emosionele response op die inhoud, identifisering met karakters of gebeure, en reaksies op die skrywer se taalgebruik (soos woordkeuse en beelde).
• Bespreek jou reaksie op die teks / insident / situasie / konflik /dilemma ...
• Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen / besluit indien jy in dieselfde situasie was?
• Bespreek / Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik ...
• Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl /inleiding / gevolgtrekking / beeldspraak / gebruik van poëtiese tegnieke / literêre stylfigure ...

Gr 7-9 (Kognitiewe vlakke van Bloom t.o.v. evaluering en waardering, bl 124):

**Evaluering**
Hierdie vrae handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oortuigings. Dit sluit in beoordeling van werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika asook die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optredes in terme van morele waardes.
• Dink jy dat dit wat gebeur het geloofwaardig/realisties/moontlik is?
• Is die skrywer se argument geldig/logies/oortuigend?
• Bespreek krities/lewer kritiese kommentaar op die optrede/bedoeling/motief/houding/ voorstel/ implikasie...
• Stem jy saam met die siening/standpunt/waarneming/vertolking...
• Is die skrywer/verteller/karakter na jou mening, geregverdig as hy of sy voorstel dat... (Motiveer jou antwoord/Gee redes vir jou antwoord.)
• Is die karakter se houding/optrede na jou mening regverdigbaar of aanvaarbaar? Gee ’n rede vir jou antwoord.
• Wat sê ’n karakter se optrede/houding oor hom in die konteks van universele waardes?
• Bespreek die waarde-oordele wat in die teks gemaak word.

**Waardering**
Die doel van hierdie vrae is om die impak van die teks op die leerder te assesseer. Die vrae fokus op die leerder se emosionele respons op die inhoud, identifisering met karakters en reaksies op die skrywer se taalgebruik (woordkeuse en beelde).

- Bespreek jou reaksie op die teks/insident/situasie/konflik/dilemma.
- Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen/besluit indien jy in dieselfde situasie was?
- Bespreek/Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik.
- Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl/inleiding/gevolgtrekking/beelde/stylfigure/ literêre middels.